

THE PROVINCE OF TRANSVAAL



Die Provincie Transvaal

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE S.A. 10c OVERSEAS 15c

MENIKO



# Offisiële Koorant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 10c OORSEE 15c

VOL. 221

PRETORIA 12 OCTOBER, 1977  
12 OKTOBER 1977

3915

No. 211 (Administrator's), 1977.

## PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby;

(1) in respect of Lot 2120 situate in Lyttelton Manor Township, Registration Division J.R. Transvaal, held in terms of Certificate of Consolidated Title T:19261/1977

(a) remove condition (a);

(b) alter condition (b) to read as follows:—

"The sale of all wines, malt or spirituous liquors, is prohibited on the said lot"; and

(2) amend Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, by the rezoning of Lot 2120, Lyttelton Manor Township, from "Special Residential" to "Special" for financial and professional services, public offices, doctors' consulting rooms, day hospital with an operation room and dispensary, restaurant and parking and which amendment scheme will be known as Amendment Scheme 548 as indicated on the annexed Map 3 and the scheme clauses.

Given under my Hand at Pretoria this 30th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province Transvaal.  
PB. 4-14-2-810-79

## PRETORIA REGION AMENDMENT SCHEME 548.

The Pretoria Region Town-planning Scheme, 1960, approved by virtue of Administrator's Proclamation 279, dated 21 December, 1960, is hereby further amended and altered in the following manner:

1. The map, as shown on Map 3, Amendment Scheme 548.

2. Clause 15(a), Table "D", Use Zone V (Special), by the addition of the following to Columns (3), (4) and (5):—

(3)	(4)	(5)
(CLXVI) Lyttelton Manor Township, Lot 2120.		Other uses not under Column (3).
Financial and professional services, public offices, doctors' consulting rooms, day-hospital with an operation room and dispensary, restaurant, parking.		

3. By the addition of Plan 22 to the Annexure.

No. 211 (Administrators-), 1977.

## PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings 1967, (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Lot 2120 geleë in dorp Lyttelton Manor, Registrasie Afdeling J.R. Transvaal, gehou kragtens Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel T:19261/1977

(a) voorwaarde (a) ophef;

(b) voorwaarde (b) wysig om soos volg te lui:  
"The sale of all wines, malt or spirituous liquors is prohibited on the said lot"; en

(2) Pretoriastreek-dorpsaanlegskema, 1960, wysig deur die hersonering van Lot 2120, dorp Lyttelton Manor van "Spesiale Woon" tot "Spesiaal" vir finansiële en professionele dienste, openbare kantore, dokterspreekamers, daghospitaal met 'n operasiekamer en resepteer-apteek, restaurant en parkering, welke wysigingskema bekend staan as Wysigingskema 548 soos aangedui op die bygaande Kaart 3 en die skemaklousules.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 30ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
PB. 4-14-2-810-79

## PRETORIASTREEK-WYSIGINGSKEMA 548.

Die Pretoriastreek-dorpsaanlegskema 1960, goedgekeur kragtens Administrateursproklamasie 279, gedateer 21 Desember 1960, word hiermee soos volg verder gewysig en verander:

1. Die kaart, soos aangetoon op Kaart 3, Wysigingskema 548.

2. Klousule 15(a), Tabel "D", Gebruikstreek V (Spesiaal) deur die byvoeging van die volgende tot Kolomme (3), (4) en (5):—

(3)	(4)	(5)
(CLXVI) dorp Lyttelton Manor, Lot 2120.		Ander gebruik nie onder Kolom (3) nie.
Finansiële en professionele dienste, openbare kantore, dokterspreekamers, daghospitaal met 'n operasiekamer en resepteer-apteek, restaurant, parkering.		

3. Deur die byvoeging van Plan 22 tot die Bylae.

SKAAL: SCALE 1:2500

KODE 217 ● PRETORIASTREEK DORPSAANLEGSKEMA  
CODE 1960 ● TOWN PLANNING SCHEME


● KAART 3 ● WYSIGINGSKEMA 1960 ● MAP AMENDMENT SCHEME 548

VEL SHEET 1 VAN 1 VEL OF 1 SHEET

**VERWYSING / REFERENCE**




Reference to Annexure  
Verwysing na Bylae



**Nota :** Bylae nommer en sirkel in groen.  
**Note :** Annexure number and circle in green.

LOT 2120 DORP LYTTELTON MANOR TOWNSHIP

KODE 217 • PRETORIASTREEK DORPSAANLEGSKEMA  
CODE 217 • PRETORIA REGION TOWN PLANNING SCHEME 1960 • BYLAE 22 • WYSIGINGSKEMA  
AMENDMENT SCHEME 548 • VEL 1 VAN 3 VELLE  
OF 3 SHEETS



KODE 217 ● PRETORIA STREEK DORPSAANLEGSKEMA ● TOWN PLANNING SCHEME  
 CODE 217 ● PRETORIA REGION RÉGION TOWN PLANNING SCHEME  
 BYLAE 22 ● ANNEXURE 1960 ● AMENDMENT SCHEME 548 ● SHEET 2 OF 3 SHEETS  
 WYSIGING SKEMA 1960 ● AMENDMENT SCHEME 548 ● SHEET 2 OF 3 SHEETS

Gebruikstreek V, Spesiaal, vir professionele en finansiële dienste, openbare kantore, dokterssprekkamers, 'n daghospitaal met 'n operasiekamer en resepteerapteek, 'n restaurant en parkering.

Die volgende voorwaardes sal van toepassing wees:

1. Geen gebou mag meer as twee verdiepings hoog wees nie.
2. Die totale dekking van alle geboue mag nie meer as 40% van die oppervlakte van die lot beslaan nie.
3. Die vloerruimteverhouding mag nie 0,8 oorskry nie.
4. 'n Terreinontwikkelingsplan tot bevrediging van die Plaaslike Bestuur, moet ingedien word alvorens enige bouwerk 'n aanvang neem en enige ontwikkeling op die lot moet ooreenkstem met sodanige goedgekeurde terreinontwikkelingsplan.
5. In- en uitgange van en na die lot sal tot bevrediging van die Plaaslike Bestuur voorsien word.
6. Geen toegang sal vanuit Cantonmentsweg toegelaat word nie.
7. Oppervlakte abcd sal slegs vir parkeerdeleindes aangewend word wat as 'n geheel met die aangrensende parkeerterrein van die Plaaslike Bestuur op Lot 332 ontwikkel sal word.
8. Die parkeerarea op die lot sal tot bevrediging van die Plaaslike Bestuur geplavei en onderhou word.

Use Zone V, Special, for professional and financial services, public offices, doctor's consulting rooms, day-hospital with an operation room and dispensary, a restaurant and parking.

The following conditions shall apply:

1. No building shall exceed two storeys in height.
2. The total coverage of all buildings shall not exceed 40% of the area of the lot.
3. The floor space ratio shall not exceed 0,8.
4. A site development plan to the satisfaction of the Local Authority, must be submitted before any building operations takes place and any development on the lot must be in accordance with such approved site development plan.
5. Entrances and exits to and from the lot shall be to the satisfaction of the Local Authority.
6. No access shall be permitted along Cantonments Road.
7. Area abcd shall be used solely for parking purposes and shall be developed as a whole with the Local Authority's parking area on Lot 332.
8. The parking area on the lot, shall be paved and maintained to the satisfaction of the Local Authority.

KODE 217 • PRETORIA STREEK  
CODE 217 • PRETORIA REGION  
DORPSAANLEGSKEMA  
BYLAE 22  
● ANNEXURE  
1960 ● PLANNING SCHEME  
● MYSIGINGSKEMA  
● AMENDMENT SCHEME 548  
VEL 3 VAN 3 VELLE  
SHEET 3 OF 3 SHEETS

9. Doeltreffende parkeerplekke, tesame met die nodige beweegruimte, moet in die volgende verhoudings voorsien word tot bevrediging van die Plaaslike Bestuur:
  - (a) Twee parkeerplekke vir elke 100 m<sup>2</sup> bruto verhuurbare kantooroppervlakte.
  - (b) Vier parkeerplekke per professionele kamer.
  - (c) Ses parkeerplekke per dokter se spreekkamer.
  - (d) Ses parkeerplekke per 100 m<sup>2</sup> bedieningsarea van die restaurant.
10. Boulynne soos aangeatoon op plan.
9. Effective parking together with the necessary manoeuvring area shall be provided in the following ratio's to the satisfaction of the Local Authority:
  - (a) Two parking spaces for every 100 m<sup>2</sup> gross leasable office area.
  - (b) Four parking spaces for every professional suite.
  - (c) Six parking spaces per doctor's consulting room.
  - (d) Six parking spaces per 100 m<sup>2</sup> service area for the restaurant.
10. Building lines as indicated on map.

No. 210 (Administrator's), 1977.

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 1754, situate in Potchefstroom Extension 7 Township Registration Division I.Q., Transvaal, held in terms of Deed of Transfer T.46795/1974 remove conditions 2B(g) and (j).

Given under my Hand at Pretoria this 7th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province Transvaal.  
PB. 4-14-2-1694-1

No. 212 (Administrator's), 1977.

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby, in respect of Erf 613, situate in Three Rivers Extension 1 Township, district Vereeniging, held in terms of Deed of Transfer 39145/1971, remove conditions (a) and (b).

Given under my Hand at Pretoria this 24th day of August, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province Transvaal.  
PB. 4-14-2-1302-6

No. 213 (Administrator's), 1977.

### PROCLAMATION

Whereas power is vested in me by section 2 of the Removal of Restrictions Act, 1967 (Act 84 of 1967) to alter, suspend or remove a restriction or obligation referred to in that section;

Now therefore I do hereby,

(1) in respect of Erven 249 and 250, situated in Morningside Extension 11 Township, district Johannesburg, remove condition B1(h)(ii) in the Schedule to Administrator's Proclamation 188 of 9 July, 1969; and

(2) amend Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, by the rezoning of Erven 249 and 250, Morningside Extension 11 Township, district Johannesburg, from "Special" for a dwelling house or a block or blocks of flats, boarding houses, hostels or other uses as determined by the Administrator, to "Special" for the uses and requirements set out in Annexure 164 herewith, and which amendment scheme will be known as Amendment Scheme 430 as indicated on the annexed Map 3 and the scheme clauses.

Given under my Hand at Pretoria this 29th day of September, One thousand Nine hundred and Seventy-seven.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrator of the Province Transvaal.  
PB. 4-14-2-2354-1

Nó. 210 (Administrateurs-), 1977.

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 1754 geleë in dorp Potchefstroom Uitbreiding 7, Registrasie Afdeling I.Q., Transvaal gehou kragtens Akte van Transport T.46795/1974 voorwaardes 2B(g) en (j) ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 7de dag van September, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
PB. 4-14-2-1694-1

No. 212 (Administrateurs-), 1977.

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek, met betrekking tot Erf 613, geleë in die dorp Three Rivers Uitbreiding 1, distrik Vereeniging, gehou kragtens Akte van Transport 39145/1971, voorwaardes (a) en (b) ophef.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die 24ste dag van Augustus, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.

S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
PB. 4-14-2-1302-6

No. 213 (Administrateurs-), 1977.

### PROKLAMASIE

Nademaal bevoegdheid by artikel 2 van die Wet op Opheffing van Beperkings 1967, (Wet 84 van 1967) aan my verleen is om 'n beperking of verpligting in daardie artikel genoem, te wysig, op te skort of op te hef;

So is dit dat ek;

(1) met betrekking tot Erwe 249 en 250, geleë in dorp Morningside Uitbreiding 11, distrik Johannesburg, voorwaarde B1(h)(ii) in die Bylae tot Administrateurs-proklamasie 188 van 9 Julie 1969 ophef; en

(2) Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, wysig deur die hersonering van Erwe 249 en 250, dorp Morningside Uitbreiding 11, distrik Johannesburg, van "Spesiaal" vir 'n woonhuis of 'n blok of blokke woonstelle, losieshuise, koshuise, of ander gebruik wat die Administrateur mag bepaal, tot "Spesiaal" vir die gebruik en vereistes uiteengesit in Bylae 164 hierby, en welke wysigingskema bekend staan as Wysigingskema 430, soos aangedui op die bygaande Kaart 3 en die skemaklousules.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 29ste dag van September, Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sewentig.


S. G. J. VAN NIEKERK,  
Administrateur van die Provincie Transvaal.  
PB. 4-14-2-2354-1

(1 VEL SHEET)

NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK WYSIGINGSKEMA  
NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 430

# KAART MAP

SKAAL : 1: 2000 :SCALE



## MORNINGSIDE EXTENSION/UITBREIDING II. TOWNSHIP/DORP

**NOTE / NOTA**

- 1) BUILDING LINE INDICATED IN RED INK / BOULYN IN ROOI INK AANGEDUI  
2) REFERENCE TO ANNEXURE INDICATED IN GREEN INK / VERWYSING NA BYLAE IN GROEN INK AANGEDUI  
3) STREET - WASHED BROWN / STRATE - BRUIN GEVERF

## VERWYSING/REFERENCE

RESERVATIONS / IN RESERVE GEHOU

BUILDING LINE in METRES,  
BOULYN in METER.

**EXISTING STREET  
BESTAANDE STRAAT**


## USE ZONE / GEBRUIKSTREEK



SPECIAL  
SPESIAAL

168

**REFERENCE to ANNEXURE 'A'**  
**VERWYSING na BYLAE 'A'**



## ANNEXURE.

## NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 430:

**SPECIAL:** For dwelling house or a block or blocks of flats, boarding houses, hostels or other uses as determined by the Administrator.

(a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon a dwelling house or a block or blocks of flats, boarding house, hostel or other buildings or for such uses as may be allowed by the Administrator from time to time, after reference to the Townships Board and the local authority: Provided that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved town-planning scheme, subject to the conditions of the scheme under which the consent of the local authority is required: Provided further that —

- (i) the buildings shall not exceed more than 2 storeys in height;
  - (ii) total coverage of all buildings erected on the erf may not exceed 30%;
  - (iii) the floor space ratio may not exceed 0,4.
- (b) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.
- (c) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf, shall be located not less than 10,67 metres from the boundary thereof abutting on a street.
- (d) In the event of a dwelling house being erected on the erf not more than one dwelling house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected

## BYLAE.

## NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSLINGSKEMA 430:

**SPESIAAL:** Vir woonhuis of 'n blok of blokke woonstelle, losieshuise, koshuis of ander gebruik wat die Administrateur mag bepaal.

(a) Die erf moet uitsluitlik gebruik word om daarop 'n woonhuis of 'n blok of blokke woonstelle, losieshuis, koshuis of ander geboue vir sodanige gebruik as wat van tyd tot tyd deur die Administrateur toegelaat word, na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur op te rig. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema voorseening gemaak word, kan toelaat, behoudens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word: Voorts met dien verstande dat —

- (i) die geboue op die erf nie hoër as twee verdiepings mag wees nie;
- (ii) totale dekking van alle geboue wat op die erf opgerig word mag nie 30% oorskry nie;
- (iii) die vloeroppervlakteverhouding mag nie 0,4 oorskry nie.

(b) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en teers later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met, of voor die buitegeboue opgerig word.

(c) Geboue, met inbegrip van buitegeboue, wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 10,67 meter van die straatgrens daarvan geleë wees.

(d) Ingeval 'n woonhuis op die erf opgerig word, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is op die erf opgerig word nie, behalwe met toestemming van die Administrateur: Met dien

on the erf except with the consent of the Administrator: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion thereof is consolidated, with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area. The dwelling house, exclusive of outbuildings, which may be erected on the erf shall be of the value of not less than R7 000.

#### NORTHERN JOHANNESBURG REGION AMENDMENT SCHEME 430.

The Northern Johannesburg Region Town-planning Scheme, 1958, approved by virtue of Administrator's Proclamation 228, dated 11 November, 1959, is hereby further altered and amended in the following manner:

1. The map, as shown on Map 3, Amendment Scheme 430.

2. Clause 15(a), Table "D", Use Zone VI (Special) by the addition of the following to Columns (3), (4) and (5):

(3)	(4)	(5)
(CxCl) Erven 249 and 250 Morningside Extension 11 Township: Dwelling houses or a block or blocks of flats, boarding houses, hostels or other uses as determined by the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority.		Other uses not under Column (3).

3. Clause 15(a), Table "D(A)", by the addition of the following to Columns (1), (2) and (3):

(1)	(2)	(3)
11	Erven 249 and 250, Morningside Extension 11 Township.	164

4. By the addition of Plan 164 to Annexure "A" together with the conditions therein:

verstaande dat as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrator op elke gevvolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word. Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig mag word, moet minstens R7 000 wees.

#### NOORDELIKE JOHANNESBURGSTREEK-WYSIGSKEMA 430.

Die Noordelike Johannesburgstreek-dorpsaanlegskema, 1958, goedkeur kragtens Administrateursproklamasie 228, gedateer 11 November 1959, word hiermee soos volg verder gewysig en verander:

1. Die kaart, soos aangetoon op Kaart 3, Wysigingskema 430.

2. Klousule 15(a), Tabel "D", Gebruikstreek VI (Spesiaal) deur die byvoeging van die volgende tot Kolomme (3), (4) en (5):

(3)	(4)	(5)
(CxCl) Erwe 249 en 250, dorp Morningside Uitbreiding 11: Woonhuise of 'n blok of blokke woonstelle, losieshuise, koshuise of ander gebruik soos toegelaat deur die Administrator na oorlegpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.		Ander gebruik nie onder Kolom (3) nie.

3. Klousule 15(a), Tabel "D(A)", deur die byvoeging van die volgende tot Kolomme (1), (2) en (3):

(1)	(2)	(3)
11	Erwe 249 en 250, dorp Morningside Uitbreiding 11.	164

4. Deur die byvoeging van Plan 164 tot Bylae "A" tesame met die voorwaardes daarin vervat.

## ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 1473      12 October, 1977

### ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The By-laws Relating to Licences and Business Control of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 198, dated 13 March, 1957, as amended, are hereby further amended by amending Chapter 11 as follows:

1. By the deletion of section 207.
2. By the deletion in section 208 of the words "or jinricksha".
3. By the deletion in section 209(a) of the words "as set forth in the schedules of fares".
4. By the deletion in section 211 —
  - (a) in subsection (1) of the words "laid down in the schedules of fares"; and
  - (b) in subsection (2) of the words "laid down by the schedule of fares".
5. By the deletion in section 212(1)(b) and (2) of the words "laid down by the schedule of fares".
6. By the deletion in section 214 of the words "as laid down in the schedules of fares".
7. By the deletion in sections 230(4) and 233(a)(ii) of the expression "in accordance with Schedule 17 to these by-laws".
8. By the deletion in section 241(a) of the words "by the schedule of fares".
9. By the substitution for section 243 of the following:

*"Jinrickshas."*

243. No jinricksha shall be permitted."
10. By the deletion of section 244.
11. By the deletion in section 264 of the words "or jinricksha".
12. By the deletion in section 265 of the words "or jinricksha".
13. By the deletion in section 266(1) of the words "or jinricksha".
14. By the deletion in section 267 of the words "or haul a jinricksha".
15. By the deletion in section 268 of the words "or jinricksha".
16. By the deletion of Annexure 2 under Schedules 17, 18 and 19.
17. By the deletion of Annexure 1 under Schedule 20.

PB. 2-4-2-97-4

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 1473      12 Oktober 1977

### MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDEN.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge Betreffende Licensies en Beheer oor Besighede van die Munisipaliteit Alberton, aangekondig by Administrateurskennisgewing 198 van 13 Maart 1957, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Hoofstuk 11 soos volg te wysig:

1. Deur artikel 207 te skrap.
2. Deur in artikel 208 die woorde "of 'n riksja" te skrap.
3. Deur in artikel 209(a) die woorde "soos dit in die tariefbylaes uiteengesit word" te skrap.
4. Deur in artikel 211 —
  - (a) in subartikel (1) die woorde "in die tariefbylaes" te skrap; en
  - (b) in subartikel (2) die woorde "wat in die tariefbylae voorgeskryf word" te skrap.
5. Deur in artikel 212(1)(b) en (2) die woorde "wat in die tariefbylae voorgeskryf word" te skrap.
6. Deur in artikel 214 die uitdrukking "soos dit in die tariefbylaes voorgeskryf word," te skrap.
7. Deur in artikels 230(4) en 233(a)(ii) die uitdrukking "ooréenkomsdig Bylae 17 by hierdie verordeninge" te skrap.
8. Deur in artikel 241(a) die woorde "in die tariefbylae" te skrap.
9. Deur artikel 243 deur die volgende te vervang:
 

*"Riksjas."*
243. Geen riksja word toegelaat nie."
10. Deur artikel 244 te skrap.
11. deur in artikel 264 die woorde "of 'n riksja te trek" te skrap.
12. Deur in artikel 265 die woorde "of 'n riksja" en die woorde "of riksja" te skrap.
13. Deur in artikel 266(1) die woorde "of trekker van 'n riksja" te skrap.
14. Deur in artikel 267 die woorde "of om 'n riksja te trek" te skrap.
15. Deur in artikel 268(1) die woorde "of die trekker van 'n riksja" en die woorde "of trekker" te skrap.
16. Deur Aanhangsel 2 onder Bylae 17, 18 en 19 te skrap.
17. Deur Aanhangsel 1 onder Bylae 20 te skrap.

PB. 2-4-2-97-4

**Administrator's Notice 1474 12 October, 1977**

**ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance:

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 679, dated 26 June, 1968, as amended, is hereby further amended by amending item 4 of the Tariff of Charges under Part I by the substitution—

- (a) in subitem (1)(a) and (b) for the figure "R12" of the figure "R20";
- (b) in subitem (2)(a) for the figure "R40" of the figure "R45"; and
- (c) in subitem (2)(b) for the figure "R25" of the figure "R30".

PB. 2-4-2-81-4

**Administrator's Notice 1475 12 October, 1977**

**ALBERTON MUNICIPALITY: AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance:

The Drainage and Plumbing By-laws of the Alberton Municipality published under Administrator's Notice 509, dated 1 August, 1962, as amended, are hereby further amended by the substitution for the table of the Basic Charges in respect of Sewers which are Available under Part II of Schedule B of the following:

<b>Per Year</b>	
(a)	For an area of up to 496 m <sup>2</sup> ..... 26,60
(b)	For an area of 497 to 744 m <sup>2</sup> ..... 28,00
(c)	For an area of 745 to 992 m <sup>2</sup> ..... 30,80
(d)	For each additional 991 m <sup>2</sup> or part thereof ..... 4,62
(e)	The basic charge in respect of any surveyed erf, portion of an erf, stand or ground, shall not, however, exceed ..... 123,00."

PB. 2-4-2-34-4

**Administrator's Notice 1476 12 October, 1977**

**BETHAL MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO CAFÉS, RESTAURANTS AND EATING-HOUSES.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Bethal has, in terms of sec-

**Administrateurkennisgewing 1474 12 Oktober 1977**

**MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN SANITÉRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is, ..

Die Sanitäre en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Alberton, aangekondig by Administrateurkennisgewing 679 van 26 Junie 1968, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 4 van die Tarief van Gelde onder Deel I te wysig deur

- (a) in subitem (1)(a) en (b) die syfer "R12" deur die syfer "R20" te vervang;
- (b) in subitem (2)(a) die syfer "R40" deur die syfer "R45" te vervang; en
- (c) in subitem (2)(b) die syfer "R25" deur die syfer "R30" te vervang.

PB. 2-4-2-81-4

**Administrateurkennisgewing 1475 12 Oktober 1977**

**MUNISIPALITEIT ALBERTON: WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is,

Die Riolerings- en Loodgietersverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, aangekondig by Administrateurkennisgewing 509 van 1 Augustus 1962, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die tabel van die Basiese Tariewe ten opsigte van Beskikbare Vuilriole onder Deel II van Bylae B deur die volgende te vervang:

<b>Per Jaar</b>	
(a)	Vir 'n terrein van tot 496 m <sup>2</sup> ..... 26,60
(b)	Vir 'n terrein van 497 tot 744 m <sup>2</sup> ..... 28,00
(c)	Vir 'n terrein van 745 tot 992 m <sup>2</sup> ..... 30,80
(d)	Vir elke bykomende 991 m <sup>2</sup> of gedeelte daarvan ..... 4,62
(e)	Die basiese vordering ten opsigte van enige opgemete erf, gedeelte van 'n erf, perseel of stuk grond mag egter nie hoër wees nie as ..... 123,00."

PB. 2-4-2-34-4

**Administrateurkennisgewing 1476 12 Oktober 1977**

**MUNISIPALITEIT BETHAL: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE KAFFES, RESTAURANTE EN EETHUISE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Bethal die Standaardveror-

tion 96bis(2) of the said Ordinance, adopted without amendment the Standard By-laws Relating to Cafés, Restaurants, and Eating-houses, published under Administrator's Notice 492, dated 27 April, 1977, as by-laws made by the said Council.

2. Chapter 10 of the Public Health By-laws of the Bethal Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated 12 January, 1949, as amended, is hereby deleted.

PB. 2-4-2-22-7

Administrator's Notice 1477

12 October, 1977

**BOKSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SWIMMING BATH BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 96 of the said Ordinance.

The Swimming Bath By-laws of the Boksburg Municipality, published under Administrator's Notice 283, dated 12 June, 1940, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of sections 3, 4, 9 and 34.
2. By the substitution for section 26 of the following:

"26. Entrance to the swimming baths of the Council shall be free of charge."

The provisions in this notice contained, shall be deemed to have come into operation on 1 September 1977.

PB. 2-4-2-91-8

Administrator's Notice 1478

12 October, 1977

**BOKSBURG MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Boksburg Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1227, dated 26 July, 1972, as amended, are hereby further amended by the deletion in item 10(1) of Part II under the Schedule of the expression "(excluding electric meter)".

PB. 2-4-2-36-8

Administrator's Notice 1479

12 October, 1977

**CHRISTIANA MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Christiana has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Financial By-laws, publish-

deninge. Betreffende Kafees, Restaurante en Eethuise, afgekondig by Administrateurskennisgewing 492 van 27 April, 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Hoofstuk 10 van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Bethal, afgekondig by Administrateurskennisgewing 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby geskrap.

PB. 2-4-2-22-7

Administrateurskennisgewing 1477

12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT BOKSBURG: WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 96 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Boksburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing 283 van 12 Junie 1940, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikels 3, 4, 9 en 34 te skrap.

2. Deur artikel 26 deur die volgende te vervang:

"26. Toegang tot die swembaddens van die Raad is gratis."

Die bepalings in hierdie kennisgewing vervat, word geag op 1 September 1977 in werking te getree het.

PB. 2-4-2-91-8

Administrateurskennisgewing 1478

12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT BOKSBURG: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Boksburg, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1227 van 26 Julie 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in item 10(1) van Deel II onder die Bylae die uitdrukking "(elektriese meter uitgesluit)" te skrap.

PB. 2-4-2-36-8

Administrateurskennisgewing 1479

12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT CHRISTIANA: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-FINANSIELE VERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Christiana ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 439 van 6 April 1977,

ed under the Administrator's Notice 439, dated 6 April, 1977, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-173-12

Administrator's Notice 1480 12 October, 1977

### CHRISTIANA MUNICIPALITY: SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Christiana Municipality, as contemplated by section 19(a) of the Public Health By-laws of the Council, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, shall be as follows:

### SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

1. The charges for all sanitary and refuse removal services as set out in the subjoined tariff shall be payable by the occupier and, in default of payment, by the owner of the erf or premises in respect of which such services are rendered.

2. The above-mentioned services shall not be rendered on a Sunday.

3. All accounts shall be paid on or before the 10th day of every month following the month in which such services were rendered.

#### 4. Removal of Night-soil.

Removal of night-soil and urine, per pail, per month or part thereof:

(1) All premises, except as provided in subitem (3):

(a) Removal twice per week: R3.

(b) Daily removal (not exceeding six times per week): R10.

(2) Extraordinary removals, per pail, per removal: 75c.

#### (3) Removal from Bantu residential area:

(a) Old Bantu residential area:

(i) Removal twice per week: R1,20.

(ii) Daily removal (not exceeding six times per week): R3.

(b) New Bantu residential area:

Removal twice per week: R2,30!

#### 5. Refuse Removal Services.

(1) Domestic refuse, except as provided in subitem (3):

Removal once per week from private dwellings, per refuse receptacle, per month or part thereof: R1.

(2) Refuse from businesses, offices, halls, consulting rooms, churches, charitable institutions, hospitals, Government and Provincial offices, buildings and institutions and South African Railway premises, including dwellings, except as provided in subitem (5):

aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-173-12

Administrateurskennisgewing 1480 12 Oktober 1977

### CHRISTIANA MUNISIPALITEIT: SANITERE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitere en Vullisverwyderingstarief van die Munisipaliteit Christiana, soos beoog by artikel 19(a) van die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Raad, aangekondig by Administrateurskennisgewing 148 van 21 Februarie 1951, is soos volg:

### SANITERE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

1. Die geldende vir alle sanitere en vullisverwyderingsdienste is ingevolge die bygaande tarief betaalbaar deur die okkupant en by wanbetaling, deur die eienaar van die erf of perseel waarop ten opsigte waarvan, sodanige dienste verrig word.

2. Die bovenoemde dienste word nie op 'n Sondag verrig nie.

3. Alle rekenings moet vereffen word voor-éf op die 10de dag van die maand wat volg op die maand waarin sodanige dienste gelewer is.

#### 4. Verwydering van Nagvuil.

Verwydering van nagvuil en urine, per emmer, per maand of gedeelte daarvan:

(1) Alle persele, uitgesonderd soos in subitem (3) bepaal:

(a) Verwydering twee keer per week: R3.

(b) Daagliks verwydering (hoogstens ses keer per week): R10.

(2) Buitengewone verwyderings, per emmer, per verwydering: 75c.

#### (3) Verwyderings vanaf die Bantoewoongebied:

(a) Ou Bantoewoongebied:

(i) Verwydering twee keer per week: R1,20.

(ii) Daagliks verwydering (hoogstens ses keer per week): R3.

(b) Nuwe Bantoewoongebied:

Verwydering twee keer per week: R2,30.

#### 5. Vullisverwyderingsdienste.

(1) Huishoudelike vullis, uitgesonderd soos in subitem (3) bepaal:

Verwydering een keer per week van private wonings, per vullisbak, per maand of gedeelte daarvan: R1.

(2) Vullis afkomstig van besighede, kantore, sale, spreekkamers, liefdadigheidsinrigtings, hospitale, Staats- en Provinciale kantore, geboue en inrigtings en Suid-Afrikaanse Spoorgeselskappe met inbegrip van woonhuise, uitgesonderd soos in subitem (5) bepaal:

Removal once per week, per refuse receptacle, per month or part thereof: R2.

(3) Removal from Bantu residential area:

(a) Old Bantu residential area:

Removal once per week, per refuse receptacle, per month or part thereof: 50c.

(b) New Bantu residential area:

Removal twice per week, per refuse receptacle, per month or part thereof: 80c.

(4) Garden refuse:

Removal of garden refuse on application:

(a) Per m<sup>3</sup> or part thereof: R1,50.

(b) Per load of 5 m<sup>3</sup> or part thereof: R5.

(5) Trade waste:

Removal of trade waste, excluding domestic refuse, from bulk containers on premises of the South African Railways, per load of 15 m<sup>3</sup> or part thereof: R50.

6. Carcass Removal Service.

For the removal and disposal of—

(a) cattle, horses, mules, donkeys or pigs, for every carcass: R2,50;

(b) calves (under the age of one year), sheep, goats, dogs, poultry or cats, for every carcass: 50c.

The Sanitary Tariff of the Christiana Municipality, published under Administrator's Notice 281, dated 22 April, 1959, as amended, is hereby revoked.

The provisions of items 4(3)(b) and 5(3)(b), shall be deemed to have come into operation on 1 July, 1977, and that of item 5(3)(a) on 1 January, 1977.

PB. 2-4-2-81-12

Administrator's Notice 1481

12 October, 1977

ELSBURG MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD WATER SUPPLY BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes—

(a) that the Town Council of Elsburg has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Water Supply By-laws, published under Administrator's Notice 21, dated 5 January, 1977, as by-laws made by the said Council; and

(b) the Tariff of Charges hereto as a Schedule to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance:

"SCHEDULE.

TARIFF OF CHARGES.

PART I: WATER.

1. Basic Charge.

Where any erf, stand, lot or other area, with or without improvements, is or, in the opinion of the Council,

Verwydering een keer per week, per vullisbak, per maand of gedeelte daarvan: R2.

(3) Verwydering vanaf die Bantoewoongebied:

(a) Ou Bantoewoongebied:

Verwydering een keer per week, per vullisbak, per maand of gedeelte daarvan: 50c.

(b) Nuwe Bantoewoongebied:

Verwydering twee keer per week, per vullisbak, per maand of gedeelte daarvan: 80c.

(4) Tuinvallis:

Verwydering van Tuinvallis op aansoek:

(a) Per m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan: R1,50.

(b) Per vrag van 5 m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan: R5.

(5) Bedryfsafval:

Verwydering van bedryfsafval, uitgesonderd huisvallis, vanuit grootmaathouers op persele van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, per vrag van 15 m<sup>3</sup> of gedeelte daarvan: R50.

6. Karkasverwyderings.

Vir die verwydering en begrawe van—

(a) beeste, perde, muile, donkies of varke, per karkas: R2,50;

(b) kalwers (onder een jaar oud), skape, bokke, honde, pluimvee of katte, per karkas: 50c.

Die Sanitaire Tarief van die Munisipaliteit Christiana, afgekondig by Administrateurskennisgewing 281 van 22 April 1959, soos gewysig, word hierby herroep.

Die bepalings van items 4(3)(b) en 5(3)(b) word geag op 1 Julie 1977 en dié van item 5(3)(a) geag op 1 Januarie 1977, in werking te getree het.

PB. 2-4-2-81-12

Administrateurskennisgewing 1481 12 Oktober 1977

MUNISIPALITEIT ELSBURG: AANNAME VAN STANDAARD WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie, op Plaaslike Bestuur, 1939—

(a) dat die Stadsraad van Elsburg die Standaard Watervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 21 van 5 Januarie 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en

(b) die Tarief van Gelde hierby as 'n Bylae by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is:

"BYLAE.

TARIEF VAN GELDE.

DEEL I: WATER.

1. Basiese Heffing.

Waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, by die hoofwaterpyp aan-

can be connected to the main, whether water is consumed or not, a basic charge of R1 per month or part thereof per such erf, stand, lot or other area shall be payable by the owner or consumer: Provided that where any erf, stand, lot or other area is occupied by more than one consumer to whom the Council supplies water; the basic charge shall be paid by each such consumer.

## 2. Charges for Supply of Water, per Month.

Per kl or part thereof: 15c.

## 3. Charges for Connecting Supply.

The charges payable in respect of any connection to a premises for the supply of water, shall be the actual cost of material and labour used for such connection, plus a surcharge of 10% on such amount.

## 4. Charges in Connection with Meters.

(1) For the testing of a meter on written request by a consumer, per test: R5.

(2) The charges payable in terms of subitem (1) shall be deposited at the time of application and shall be refunded if the meter registers more than 5% too fast or too slow.

## PART II: FIRE EXTINGUISHING SERVICES.

### 1. Charges for Sprinkler and Drencher Installation.

#### (1) Sprinkler Installation.

(a) For inspection and maintenance of communication pipe, per annum: R4.  
 (b) For inspection and maintenance of communication 30 minutes or part thereof in use: 75c: Provided that a proportionate increase in charge shall be made for apertures exceeding 15 mm in diameter based on the size of the aperture.

(c) Refilling supply tank: Minimum charge: R1.

#### (2) Drencher Installation.

(a) For inspection and maintenance of communication pipe, if part of general sprinkler installation: No charge.  
 (b) For inspection and maintenance of communication pipe, if not a part of general sprinkler installation, per annum: R4.  
 (c) For each drencher head when brought into use, for every 30 minutes or part thereof in use: 75c: Provided that a proportionate increase in charge shall be made for apertures exceeding 10 mm in diameter based on the size of aperture.

### 2. Charges for Private Hydrant Installations, Other than Sprinklers and Drenchers.

(1) For inspection and maintenance of communication pipe, per annum: R4.

(2) For each jet when brought into use, for every 30 minutes or part thereof in use: R4: Provided that a proportionate increase in charge shall be made for apertures exceeding 16 mm in diameter based on the size of aperture.

gesluit is of, na die mening van die Raad daarby aangesluit kan word, of water verbruik word al dan nie, word 'n basiese heffing van R1 per maand of gedeelte daarvan per sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein van die eienaar of verbruiker gevorder: Met dien verstande dat waar enige sodanige erf, standplaas, perseel of ander terrein geokkupeer word deur meer as een verbruiker aan wie die Raad water lewer, die basiese heffing deur elke sodanige verbruiker betaal moet word.

## 2: Gelde vir die Lewering van Water, per Maand.

Per kl of gedeelte daarvan: 15c.

## 3. Vorderings vir Aansluiting van Watervoorraad.

Die gelde betaalbaar ten opsigte van enige aansluiting van 'n perseel vir die lewering van water bedra die werklike koste van materiaal en arbeid wat vir sodanige aansluiting gebruik word, plus 'n toeslag van 10% op sodanige bedrag.

## 4. Vorderings in Verband met Meters.

(1) Vir die toets van 'n meter op skriftelike versoek van 'n verbruiker, per toets: R5.

(2) Die gelde betaalbaar ingevolge subitem (1) moet ten tyde van die aansoek gedeponeer word en word terugbetaal indien die meter meer as 5% te veel of te min aanwys.

## DEEL II: BRANDBLUSDIENSTE.

### 1. Gelde vir 'n Sprinkel- en Drenkblustoestel.

#### (1) Sprinkelblustoestel.

(a) Vir die ondersoek en instandhouding van verbindingspyp, per jaar: R4.  
 (b) Vir elke sproeikop wat in gebruik gestel word, vir elke 30 minute of gedeelte daarvan wat dit gebruik word: 75c: Met dien verstande dat, indien die middellyn van die opening groter as 15 mm is, die koste na verhouding van die grootte van die opening verhoog word.

(c) Volmaak van toevoertenk: Minimum vordering: R1.

#### (2) Drenkblustoestel.

(a) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp, indien dit 'n deel van die gewone sprinkelblusstelsel is: Geen heffing.  
 (b) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp, indien dit nie 'n deel van die gewone sprinkelblusstelsel is nie, per jaar: R4.  
 (c) Vir elke drenkkop wat in gebruik gestel word, vir elke 30 minute of gedeelte daarvan wat dit gebruik word: 75c: Met dien verstande dat, indien die opening groter as 10 mm is, die koste na verhouding van die grootte van die opening verhoog word.

### 2. Gelde vir Private Brandkraaninstallasies, Behalwe Sprinkel- en Drenkblustoestelle.

(1) Vir die ondersoek en instandhouding van die verbindingspyp, per jaar: R4.

(2) Vir elke tuit wat in gebruik gestel word, vir elke 30 minute of gedeelte daarvan wat dit gebruik word: R4: Met dien verstande dat, indien die opening groter as 16 mm is, die koste na verhouding van die grootte van die opening verhoog word.

3. *Sealing of Private Fire Hydrants.*

For resealing private fire hydrant: 50c."

2. The Water Supply By-laws of the Elsburg Municipality published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November, 1952, as amended, are hereby revoked.

PB. 2-4-2-104-56

Administrator's Notice 1482 12 October, 1977

## MUNICIPALITY GRASKOP: AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Graskop Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 669, dated 8 June, 1977, are hereby amended by amending the Tariff of Charges under the Schedule as follows:

1. By the substitution in item 1 for the figure "R1" of the figure "R2".

2. By the substitution in item 2(2) for the figure "10c" of the figure "15c".

PB. 2-4-2-104-84

Administrator's Notice 1483 12 October, 1977

## KLERKS DORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Klerksdorp Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1261, dated 26 July, 1972, are hereby amended as follows:

1. By the substitution in section 1 for the definition of "tariff" of the following:

"tariff" means the charge set out in the schedule hereto;".

2. By the addition after section 37 of the following:

## "SCHEDULE"

## TARIFF OF CHARGES.

## PART A: CHARGES FOR ELECTRICITY.

(a) *Basic Charge.*

(1) The following basic charges shall apply to:

- (a) Erven used or intended to be used for residential and religious purposes, per month: R3.
- (b) as dit 'n parkeermeter is wat nie slegs deur die plasing van 'n muntstuk daarin in werking gestel word nie, deur die handvatsel wat daarvan gemonsteer is, nadat die gepaste muntstuk daarin geplaas is, heeltemal na reg te draai totdat die meter die parkeertydperk registreer en sigbaar aandui:

Met dien verstande dat —

- (a) dit wettig is om 'n voertuig in 'n onbesette, afgemerkte parkeerplek te parkeer slegs vir sodanige gedeelte van enige parkeertydperk wat die parkeermeter as onverstreke aantoon sonder om 'n muntstuk daarin te plaas;

- (b) waar 'n persoon vasgestel het dat 'n parkeermeter van enige afgemerkte parkeerplek nie werk of nie behoorlik werk nie, hy geregtig is om 'n voertuig in daardie plek te parkeer vir 'n tydperk wat nie die maksimum-parkeertydperk wat van toepassing is op sodanige afgemerkte parkeerplek, oorskry nie."

PB. 2-4-2-132-32

Administrateurskennisgewing 1516 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT STANDERTON: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gelees met artikel 166 van die Ordonnansie op Padverkeer, 1966, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van eersgenoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Standerton, aangekondig by Administrateurskennisgewing

March, 1951, as amended, are hereby further amended by the deletion of Schedule E under Annexure XXIV.

PB. 2-4-2-98-33

Administrator's Notice 1517 12 October, 1977

**STILFONTEIN MUNICIPALITY: AMENDMENT TO FINANCIAL BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Financial By-laws of the Stilfontein Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 595, dated 26 April, 1972, as amended, are hereby further amended by the substitution in section 15 for the figures "R1 000", "R100" and "R300" of the figures "R2 000", "R300" and "R600" respectively.

PB. 2-4-2-173-115

243 van 21 Maart 1951, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae E onder Aanhengsel XXIV te skrap.

PB. 2-4-2-98-33

Administrateurskennisgewing 1517 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT STILFONTEIN: WYSIGING VAN FINANSIELE VERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Finansiële Verordeninge van die Munisipaliteit Stilfontein, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 595 van 26 April 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 15 die syfers "R1 000", "R100" en "R300" onderskeidelik deur die syfers "R2 000", "R300" en "R600" te vervang.

PB. 2-4-2-173-11

Administrator's Notice 1518 12 October, 1977

**SWARTRUGGENS MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Traffic By-laws of the Swartruggens Municipality, published under Administrator's Notice 648, dated 24 August, 1960, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the deletion of items 64 to 75 inclusive.
2. By amending the Tariff of Licence Fees under Schedule A of the Annexure by the deletion of item 5, and the renumbering of items 6 and 7 to read 5 and 6 respectively.

The provisions in this notice contained, shall come in operation on 1 January, 1978.

PB. 2-4-2-98-67

Administrateurskennisgewing 1518 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT SWARTRUGGENS: WYSIGING VAN VERKEERSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verkeersverordeninge van die Munisipaliteit Swartruggens, aangekondig by Administrateurskennisgewing 648 van 24 Augustus 1960, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur artikels 64 tot en met 75 te skrap.
2. Deur die Tarief van Licensiegelde onder Bylae A van die aanhangsel te wysig deur item 5 te skrap, en items 6 en 7 onderskeidelik te hernoemmer 5 en 6.

Dic bepalings in hierdie kennisgewing vervat, tree op 1 Januarie 1978 in werking.

PB. 2-4-2-98-67

Administrator's Notice 1519 12 October, 1977

**TOWN COUNCIL OF THABAZIMBI: BY-LAWS FOR THE FIXING OF FEES FOR THE ISSUING OF CERTIFICATES, THE FURNISHING OF INFORMATION AND COPIES OF PLANS, THE HIRING OF EQUIPMENT AND SUNDRY MATTERS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

*Definition.*

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

Administrateurskennisgewing 1519 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT THABAZIMBI: VERORDENINGE INSAKE DIE VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE UITREIKING VAN SERTIFIKATE, DIE VERSKAFFING VAN INLIGTING EN AFDRUKKE VAN PLANNE, DIE HUUR VAN TOERUSTING EN ALLERLEI AANGELEENTHEDE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

*Woordomskrywing.*

1. In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"Council" means the Town Council of Thabazimbi and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960).

#### *Fees for the Furnishing of Information.*

2. Except where otherwise provided, every applicant for information from any of the Council's records shall pay the fee prescribed in Schedule I hereto for any information furnished: Provided that nothing herein contained shall, except where otherwise provided, oblige the Council to furnish any such information: Provided further that information required by the Government of the Republic of South Africa or by any Provincial Administration or local authority or by any person for statistical purposes in the public interest, or by any person in respect of property registered in his own name or by his duly authorized agent for the purpose of affecting payment of any rates or fees which may be due and payable, shall be furnished free of charge.

3. Except where otherwise provided, the fees prescribed in Schedule II hereto shall be payable for a print of any plan, map or drawing.

4. Except where otherwise provided, the fees prescribed in Schedule III hereto shall be payable for the hiring of the equipment of the Council referred to in the said Schedule.

5. Except where otherwise provided, the fees prescribed in Schedule IV hereto shall be payable for the matters referred to therein.

#### SCHEDULE I.

##### *General.*

1. Except where otherwise provided, each applicant for the issuing by the Council of any certificate in terms of the provisions of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), as amended, or any other Ordinance which is applicable to the Council, shall pay the following: For each such certificate issued: 20c.

2. For copies of or extracts from any confirmed minutes, records or proceedings of the Council, per folio of 150 words or part thereof: 25c.

3. For the furnishing, in accordance with the records of the Council, of any information relating to properties situated within the municipality, including the search for the name or address or both of the owner, according to written enquiry in the manner determined by the Town Clerk from time to time: In respect of each individual property: 50c.

4. For inspection of any deed, document, or diagram or any such like particulars, each: 25c.

5. For endorsements on declaration by purchaser forms, each: 25c.

6. For the issuing of any valuation certificate, each: 50c.

7. For information, excluding that mentioned in item 2 and in addition to the fees in terms of items 3 and 4, per folio of 150 words or part thereof: 50c.

"Raad" die Stadsraad van Thabazimbi en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampete deur die Raad in diens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie 40 van 1960), aan hom gedelegeer is.

##### *Gelde vir die Verskaffing van Inligting.*

2. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet elke applikant vir inligting uit enige van die Raad se registers die geld in Bylae I hierby voorgeskryf, betaal vir enige inligting wat verskaf word: Met dien verstande dat, tensy anders bepaal word, geen bepalings hierin vervat die Raad verplig om sodanige inligting te verstrek nie: Voorts met dien verstande dat inligting wat verlang word deur die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, of enige Proviniale Administrasie of plaaslike bestuur, of deur enige persoon vir statistiese doeleindes in die openbare belang, of deur enige persoon ten aansien van eiendom op sy naam geregistreer of deur sy behoorlik-gemagtigde agent vir die doel van betaling van enige belasting of gelde wat verskuldig en betaalbaar is, kosteloos verstrek word.

3. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet die geld in Bylae II hierby voorgeskryf, betaal word vir enige plan, kaart of tekening.

4. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet die geld in Bylae III hierby voorgeskryf, betaal word vir die huur van enige toerusting van die Raad wat in genoemde Bylae vermeld word.

5. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet die geld in Bylae IV hierby voorgeskryf, betaal word vir die aangeleenthede in genoemde Bylae vermeld.

#### BYLAE I.

##### *Algemeen.*

1. Uitgesonderd waar anders bepaal word, moet elke applikant vir die uitreiking van enige sertifikaat ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, of enige ander Ordonnansie wat op die Raad van toepassing is, die volgende betaal: Vir elke sodanige sertifikaat wat uitgereik word: 20c.

2. Vir afskrifte van of uittreksels uit enige bekragnigde notule, rekord of verrigtinge van die Raad, per folio van 150 woorde of gedeelte daarvan: 25c.

3. Vir die verstrekking, volgens die rekords van die Raad, van enige inligting wat betrekking het op eenindome geleë binne die munisipaliteit, met inbegrip van die soek na die naam of adres of beide van die eienaar ingevolge skriftelike navraag, op die wyse soos van tyd tot tyd deur die Stadsklerk bepaal: Ten opsigte van elke afsonderlike eiendom: 50c.

4. Vir die insae in enige akte, dokument, diagram of desbetreffende besonderhede, elk: 25c.

5. Vir endossemente op verklaring van koper en vorms, elk: 25c.

6. Vir die uitreiking van enige waardasiesertifikaat, elk: 50c.

7. Vir inligting, uitgesonderd die in item 2 genoem, benewens die geld in gevolge items 3 en 4, per folio van 150 woorde of gedeelte daarvan: 50c.

8. For copies made by copying machines or otherwise, of the voter's roll of any ward:

(1) For any single ward: R1,50.

(2) For a full set of 2 wards: R3.

9. For any continuous search for information:

(1) For the first hour or part thereof: R2.

(2) For each additional hour or part thereof: R2.

10. For the furnishing of any information, or the providing of copies of any document or any other record of the Council by the Council's Publicity Office in the course of the said office's activities, excepting where otherwise provided in any Ordinance, any other by-law or regulation: With the approval of the Town Clerk: No charge.

11. For copies made by copying machines, excluding copies referred to in item 2, of any documents, pages or books, illustrations or other records of the Council, per copy page: 40c.

12. For copies of the monthly building statistics and schedule of approved plans, per copy: 50c.

13. For one Afrikaans or one English copy of the scheme clauses of the town-planning scheme: R3.

14.(1) For the supply of copies of the Council's by-laws or regulations and any amendment thereof, per 100 words contained in such by-laws or set of regulations: 10c.

(2) Maximum amount payable in respect of any individual by-law or set of regulations: R3.

15. For the issue of a duplicate of a consumer's account: 25c.

16. For the furnishing of copies of agendas or minutes of Council meetings to a local member of the Provincial Council or a member of Parliament, the press or the South African Broadcasting Corporation: With the approval of the Town Clerk: No charge.

#### SCHEDULE II.

##### *Prints of Plans.*

For prints of any plan, map or drawing, per print as follows:

1. Paper: R2.

2. Linen: R8.

3. Translucent: R12.

#### SCHEDULE III.

##### *Hire of Equipment.*

*Per hour  
or part  
thereof*

1. Roller .....	5,00
2. Vibration Roller .....	20,00
3. Water tank lorry .....	10,00
4. Compressor .....	10,00
5. Tractor .....	5,00

(The above charges shall include services of operators and fuel, where applicable).

8. Vir afskrifte gemaak deur middel van kopieermasjiene of andersins, van enige wyk se kieserslys:

(1) Vir enige enkele wyk: R1,50.

(2) Vir 'n volledige stel van 2 wyke: R3.

9. Vir enige voortdurende opsoek van inligting:

(1) Vir die eerste uur of gedeelte daarvan: R2.

(2) Vir elke bykomende uur of gedeelte daarvan: R2.

10. Vir die versprekking van enige inligting, of die verskaffing van afskrifte van enige dokument of ander rekord van die Raad deur die Raad se Inligtingskantoor in die verloop van genoemde kantoor se werkzaamhede, uitgesonderd waar anders in enige Ordonnansie, enige ander verordening of regulasie bepaal word: Met die goedkeuring van die Stadsklerk: Geen heffing.

11. Afskrifte gemaak deur middel van kopieermasjiene, uitgesonderd afskrifte in item 2 genoem, van enige dokument, bladsye van boeke, illustrasies of ander rekords van die Raad, per kopievel: 40c.

12. Vir eksemplare van die maandelikse boustatistiek en skedule van goedgekeurde planne, per eksemplaar: 50c.

13. Vir een Afrikaanse of een Engelse afskrif van die skemaklusules van die dorpsbeplanningskema: R3.

14.(1) Vir die verskaffing van eksemplare van die Raad se verordeninge of regulasies en wysigings daarvan per elke 100 woorde waaruit so 'n verordening of stel regulasies bestaan: 10c.

(2) Maksimum bedrag betaalbaar ten opsigte van enige afsonderlike verordening of stel regulasies: R3.

15. Vir die uitreiking van 'n duplikaat-verbruikersrekening: 25c.

16. Vir die verskaffing van afskrifte van sakelyste of notules van Raadsvergaderings aan 'n plaaslike lid van die Provinciale Raad of 'n Parlementslid, die pers of die Suid-Afrikaanse Uitsaikorporasie: Met die goedkeuring van die Stadsklerk: Geen heffing.

#### BYLAE II.

##### *Afdrukke van Planne.*

Vir afdrukke van enige plan, kaart of tekening, per afdruk soos volg:

1. Papier: R2.

2. Linne: R8.

3. Deurskynend: R12.

#### BYLAE III.

##### *Huur van Toerusting.*

*Per uur of  
gedeelte  
daarvan*

1. Roller .....	5,00
2. Vibreerroller .....	20,00
3. Waterenkvragsmotor .....	10,00
4. Kompressor .....	10,00
5. Trekker .....	5,00

(Voormelde gelde sluit, waar van toepassing, brandstof en dienste van operateurs in).

## SCHEDULE IV.

*Miscellaneous.*

1. Surplus soil at construction work, per m<sup>3</sup>, delivered: R3.

2. Equipment for civil defence as the Council may from time to time determine: Actual cost per item, plus administration costs at a rate as the Council may by resolution from time to time fix and determine.

3. Copies made by copying machines of any document, excluding business advertisements:

- (1) Photo copy, per sheet: 40c.
- (2) Master copy, per sheet: R2.
- (3) Copies of master copy, per sheet: 3c.

4. Any other services rendered by the Council, not specified in these or any other by-laws of the Council: The actual cost, plus a surcharge of 20% on such amount.

PB. 2-4-2-40-104

Administrator's Notice 1520

12 October, 1977

## TZANEEN MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FOOD-HANDLING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Tzaneen has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Food-handling By-laws, published under Administrator's Notice 378, dated 30 March, 1977, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-176-71

Administrator's Notice 1521

12 October, 1977

## TZANEEN MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO CAFES, RESTAURANTS AND EATING-HOUSES.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Tzaneen has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted without amendment the Standard By-laws Relating to Cafes, Restaurants and Eating-houses, published under Administrator's Notice 492, dated 27 April, 1977 as by-laws made by the said Council.

2. Chapters 10, 14 and 15 of the Public Health By-laws of the Tzaneen Municipality, published under Administrator's Notice 148, dated 21 February, 1951, as amended, are hereby deleted.

PB. 2-4-2-22-71

## BYLAE IV.

*Diverse.*

1. Oortollige grond by konstruksiewerke per m<sup>3</sup>, gelewer: R3.

2. Toerusting vir burgerlike beskerming soos wat die Raad van tyd tot tyd bepaal: Werklike koste per item, plus administrasiekoste teen 'n koers wat die Raad van tyd tot tyd by besluit kan bepaal en vasstel.

3. Afskrifte gemaak deur middel van kopieermasjyne van enige dokument, besigheidsadvertensies uitgesluit:

- (1) Fotokopie, per vel: 40c.
- (2) Meesterkopie, per vel: R2.
- (3) Afskrifte van meesterkopie, per vel: 3c.

4. Enige ander dienste deur die Raad gelewer wat nie in hierdie of enige ander verordening van die Raad gespesifieer word nie: Die werklike koste plus 'n toeslag van 20% op sodanige bedrag.

PB. 2-4-2-40-104

Administrateurskennisgwing 1520 12 Oktober 1977

## MUNISIPALITEIT TZANEEN: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARDVOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Tzaneen ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgwing 378 van 30 Maart 1977, aangeneem het as verordening wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-176-71

Administrateurskennisgwing 1521 12 Oktober 1977

## MUNISIPALITEIT TZANEEN: AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE BETREFFENDE KAFEES, RESTAURANTE EN EETHUISE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Tzaneen die Standaardverordeninge Betreffende Kafees, Restaurante en Eethuse, afgekondig by Administrateurskennisgwing 492 van 27 April 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordening wat deur genoemde Raad opgestel is.

2. Hoofstukke 10, 14 en 15 van die Publieke Ge-sondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Tzaneen, afgekondig by Administrateurskennisgwing 148 van 21 Februarie 1951, soos gewysig, word hierby geskrap.

PB. 2-4-2-22-71

Administrator's Notice 1522

12 October, 1977

**VANDERBIJLPARK MUNICIPALITY: ADOPTION OF AMENDMENT TO STANDARD FOOD-HANDLING BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Vanderbijlpark has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment to the Standard Food-handling By-laws, published under Administrator's Notice 378, dated 30 March, 1977, as by-laws made by the said Council.

PB. 2-4-2-176-34

Administrator's Notice 1523

12 October, 1977

**VENTERSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity By-laws of the Ventersdorp Municipality, adopted by the Council under Administrator's Notice 1495, dated 30 August, 1972, as amended, are hereby further amended by the deletion of item 3 of the Tariff of Charges under the Schedule.

PB. 2-4-2-36-35

Administrator's Notice 1524

12 October, 1977

**VENTERSDORP MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SANITARY TARIFF.**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

published under Administrator's Notice No. 642, dated 8 August, 1956, as amended, is hereby further amended as follows:

1. By the substitution for item 2 of the following:

*"2. Refuse Removal Services."*

For the removal of refuse, twice weekly from any premises, per ash-bin, per month or part thereof: R1,25."

2. By the substitution for item 4 of the following:

*"4. Sewage Removal, per Month or Part Thereof."*

(1) For each sewage installation: Minimum charge for the removal of the first 10 kl or part thereof: R4.

(2) Thereafter, for the removal of each kl: 45c."

PB. 2-4-2-81-35

Administrateurskennisgewing 1522 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK: AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARDVOEDSELHANTERINGSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Vanderbijlpark ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, die wysiging van die Standaardvoedselhanteringsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 378 van 30 Maart 1977, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

PB. 2-4-2-176-34

Administrateurskennisgewing 1523 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT VENTERSDORP: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Ventersdorp, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1495 van 30 Augustus 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur item 3 van die Tarief van Gelde onder die Bylae te skrap.

PB. 2-4-2-36-35

Administrateurskennisgewing 1524 12 Oktober 1977

**MUNISIPALITEIT VENTERSDORP: WYSIGING VAN SANITÈRE TARIEF.**

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitère Tarief van die Munisipaliteit Ventersdorp, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 642 van 8 Augustus 1956, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur item 2 deur die volgende te vervang:

*"2. Vullisverwyderingsdienste."*

Vir die verwydering van vullis, twee keer per week van enige perseel, per asblik, per maand of gedeelte daarvan: R1,25."

2. Deur item 4 deur die volgende te vervang:

*"4. Rioolverwydering per Maand of Gedeelte Daarvan."*

(1) Vir elke rioolinstallasie: Minimum vordering vir die verwydering van die eerste 10 kl of gedeelte daarvan: R4.

(2) Daarna, vir die verwydering van elke kl: 45c."

PB. 2-4-2-81-35

Administrator's Notice 1525

12 October, 1977

## VEREENIGING MUNICIPALITY: AMENDMENT TO SWIMMING BATH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Swimming Bath By-laws of the Vereeniging Municipality, published under Administrator's Notice 129, dated 2 March 1938, as amended, are hereby further amended as follows:

## 1. By the insertion after section 23 of the following:

"24. The tariff of charges for the use of the President Park, Three Rivers and Duncanville Olympic Swimming Bath shall be as follows:-

## (1) Single admission, per person:

(a) Adults: 20c.

(b) Children: 10c.

## (2) Season tickets:

(a) Adult: R10.

(b) Child: R5.

(c) Per family: R25.

## (3) Hire of deck chairs and sun umbrellas:

(a) Per deck chair, per day or part thereof: 10c.

(b) Per sun umbrella, per day or part thereof: 20c.

## (4) Schools:

Scholars shall be admitted to the baths in groups at a tariff of R100 per school, per season, during the following hours:

(a) President Park and Three Rivers Swimming Bath: 10h00 to 14h00.

(b) Duncanville Olympic Swimming Bath: 08h00 to 14h00.

## (5) Swimming Galas:

For the hire of a swimming bath, for a gala, during the day or evening: R25."

## 2. By the addition after section 34 of the following:

"35. Supervision over children.—No child of pre-school age shall be permitted to the Council's swimming baths or paddling pools, unless such child is accompanied by an adult, who shall at all times be responsible for such child's safety and behaviour."

PB. 2-4-2-91-36

Administrator's Notice 1526

12 October, 1977

## VEREENIGING MUNICIPALITY: AMENDMENT TO TRAFFIC BYE-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Administrateurskennisgewing 1525 12 Oktober 1977

## MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN SWEMBADVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Swembadverordeninge van die Munisipaliteit Vereniging, afgekondig by Administrateurskennisgewing 129 van 2 Maart 1938, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

## 1. Deur na artikel 23 die volgende in te voeg:

"24. Die tarief van geldie vir die gebruik van die Presidentpark-, Three-Rivers- en Duncanville Olimpiese swembad is soos volg:

## (1) Enkelloegang, per persoon:

(a) Volwassenes: 20c.

(b) Kinders: 10c.

## (2) Seisoenkaartjies:

(a) Volwassene: R10.

(b) Kind: R5.

(c) Per familie: R25.

## (3) Huur van sonstoel en sonsambrele:

(a) Per sonstoel, per dag of gedeelte daarvan: 10c.

(b) Per sonsambreel, per dag of gedeelte daarvan: 20c.

## (4) Skole:

Skoolkinders word in groepe tot die bad toegelaat teen 'n tarief van R100 per skool, per seisoen, gedurende die volgende ure:

(a) Presidentpark- en Three Rivers Swembad: 10h00 tot 14h00.

(b) Duncanville Olimpiese Swembad: 08h00 tot 14h00.

## (5) Swemgalas:

Vir die huur van 'n bad vir 'n gala gedurende die dag of aand: R25."

## 2. Deur na artikel 34 die volgende by te voeg:

"35. Toesig oor kinders.—Geen kind van voor-skoolse ouderdom mag in die Raad se swembaddens of plasdamme toegelaat word nie, tensy sodanige kind ver gesel word deur 'n volwassene wat te alle tye vir sodanige kind se veiligheid en gedrag verantwoordelik moet wees."

PB. 2-4-2-91-36

Administrateurskennisgewing 1526 12 Oktober 1977

## MUNISIPALITEIT VEREENIGING: WYSIGING VAN "TRAFFIC BYE-LAWS".

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van die genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

The Traffic Bye-laws of the Vereeniging Municipality, approved by the Lieutenant-Governor of the Transvaal on 7 September, 1904, as amended, are hereby further amended as follows:

1. By the substitution in section 34(14) of Part A under Chapter IV for the expression "R1,50 per week" of the expression "R2 per week".

2. By amending item 3 of Chapter VI by—

(a) the substitution for subitems (1), (2) and (3) of the following:

"(1) Per Traffic Officer, per hour: R7.

(2) Time to be calculated from the time of departure until return of such officer."; and

(b) the renumbering of subitem (4) to read (3).

PB. 2-4-2-98-36

Administrator's Notice 1527

12 October, 1977

#### VOLKSRUST MUNICIPALITY: ADOPTION OF STANDARD ELECTRICITY BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes—

- (a) that the Town Council of Volksrust has in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Electricity By-laws, published under Administrator's Notice 1627, dated 24 November, 1971, as by-laws made by the said Council; and
- (b) the Tariff of Charges hereto as a Schedule to the said by-laws, which Tariff of Charges has been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

#### "SCHEDULE.

#### TARIFF OF CHARGES.

##### 1. Basic Charge.

A basic charge of R36 per annum per 2 000 m<sup>2</sup> or part thereof in respect of any erf, stand, lot or other area, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the supply mains, whether electricity is consumed or not, shall be payable by the owner.

##### 2. Bulk Consumers.

(1) All power consumers with an estimated load of more than 55 kVA shall be regarded as bulk consumers.

(2) The following charges shall be payable per month:—

(a) Bulk consumers connected to a nominal voltage of 380 volts between phases:

(i) A service charge of R24,04 whether electricity is consumed or not; plus

(ii) a maximum demand charge of R5,76 per kVA metered over a period of any consecutive 30 minutes by means of a kVA meter; plus

(iii) per unit consumed: 1,33c.

Die "Traffic Bye-laws" van die Municipaaliteit Vereeniging, goedgekeur deur die Luitenant-Goewerneur van Transvaal op 7 September 1904, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig:

1. Deur in artikel 34(14) van Deel A onder Hoofstuk IV die uitdrukking "R1,50 per week" deur die uitdrukking "R2 per week" te vervang.

2. Deur item 3 van Hoofstuk VI te wysig deur—

(a) subitems (1), (2) en (3) deur die volgende te vervang:

"(1) Per Verkeersinspekteur, per uur: R7.

(2) Tyd word bereken vanaf vertrek tot tuiskoms van sodanige inspekteur."; en

(b) subitem (4) te hernoemmer (3).

PB. 2-4-2-98-36

Administrateurskennisgewing 1527 12 Oktober 1977

#### MUNISIPALITEIT VOLKSRUST: AANNAME VAN STANDAARDELEKTRISITEITSVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939—

- (a) dat die Stadsraad van Volksrust die Standaardelektrisiteitsverordeninge, aangekondig by Administrateurskennisgewing 1627 van 24 November 1971, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is; en
- (b) die Tarief van Gelde hierby as 'n Bylae by genoemde verordeninge, welke Tarief van Gelde deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

#### "BYLAE.

#### TARIEF VAN GELDE.

##### 1. Basiese Heffing.

'n Basiese heffing van R36 per jaar, per 2 000 m<sup>2</sup>, of gedeelte daarvan ten opsigte van enige erf, standplaas, perseel of ander terrein met of sonder verbeterings, wat by die hoofvoerleidings aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie, is deur die eienaar betaalbaar.

##### 2. Grootmaatverbruikers.

(1) Alle kragverbruikers met 'n beraamde las van meer as 55 kVA word as grootmaatverbruikers beskou.

(2) Die volgende geldie is betaalbaar, per maand:

(a) Grootmaatverbruikers aangesluit op 'n nominale spanning van 380 volts tussen fases:

(i) 'n Diensheffing van R24,04, of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus

(ii) 'n maksimum aanvraagheffing van R6,45 per kVA, gemeter oor 'n tydperk van enige opeenvolgende 30 minute deur 'n kVA-meter; plus

(iii) per eenheid verbruik: 1,33c.

(b) Consumers connected to a nominal voltage higher than 380 volts between phases:

- (i) A service charge of R24,04 whether electricity is consumed or not; plus
- (ii) a maximum demand charge of R5,76 per kVA metered over a period of any consecutive 30 minutes by means of a kVA meter; plus
- (iii) per unit consumed: 1,33c:

Provided that the maximum demand figure for the calculation of the maximum demand charge shall be determined as follows, whichever is the higher:

- (aa) The maximum demand recorded in kVA over any consecutive 30 minutes during the month shall be taken as the maximum demand; or
- (bb) From a date six months after the date of connection or increase in the power demand, the maximum demand shall be calculated at 70% of the requirements as declared by the consumer when applying for the connection or increase in the power demand:

Provided further that, the engineer, on technical data of existing and future supply requirements, shall determine whether consumers will be connected to a nominal voltage of 380 volts between phases or higher.

### (3) Off-peak supply to bulk consumers.

(a) Per unit consumed: 1,1c.

(b) (i) Application for off-peak supply shall be submitted in writing to the engineer.

(ii) In deciding whether or not to grant the application, the engineer shall have regard to the network loading in the particular area.

(iii) This item shall be applicable to supplies provided during a maximum period of 9 hours and which can be given between the hours 20h00 and 05h00.

(iv) All costs for the necessary control equipment and installation shall be borne by the consumer.

### 3. Small Power Consumers.

The following charges shall be payable per month by a consumer who does not qualify to be charged in terms of item 2 or 4:

(1) A service charge of R16,03 whether electricity is consumed or not; plus

(2) per unit consumed: 3,1c: Provided that electricity may be supplied to a consumer in this category at the following tariff on written request for a period not shorter than 12 months:

(a) A service charge of R5,57 per month, whether electricity is consumed or not; plus

(b) per unit consumed: 15c.

### (c) Off-peak supply to small power consumers.

(i) Per unit consumed: 1,4c.

(b) Verbruikers aangesluit op 'n nominale spanning hoër as 380 volts tussen fases:

- (i) 'n Diensheffing van R24,04, of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus
- (ii) 'n maksimum aanvraagheffing van R5,76 per kVA, gemeter oor 'n tydperk van enige opeenvolgende 30 minute deur 'n kVA meter; plus
- (iii) per eenheid verbruik: 1,33c:

Met dien verstande dat die maksimum aanvraagsyfer vir die berekening van die maksimum aanvraagheffing soos volg bepaal word, watter ook al die meeste is: —

(aa) Die maksimum aanvraag geregistreer in kVA oor enige opeenvolgende 30 minute gedurende die maand word as maksimum aanvraag bereken; of

(bb) Vanaf 'n datum ses maande na die datum van aansluiting of verhoging van die kragaanvraag word die maksimum aanvraag bereken teen 70% van die maksimum aanvraagvereistes soos bepaal deur die verbruiker by aansoek om aansluiting of verhoging van die kragaanvraag.

Voorts met dien verstande dat die ingenieur, op tegniese beginsels en met inagneming van bestaande en toekomstige voorsieningsvereistes bepaal of die tovoer teen 'n nominale spanning van 380 volts tussen fases of 'n hoër spanning gelewer sal word.

### 3. Levering Buite Spitsure vir Grootmaatverbruikers.

(a) Per eenheid verbruik: 1,1c.

(b) (i) Aansoeke moet skriftelik by die ingenieur gedoen word om levering buite-spitsure.

(ii) Die ingenieur besluit of hy die aansoek kan toestaan al dan nie, met inagneming van die netas van die betrokke gebied.

(iii) Hierdie item is van toepassing op die levering gedurende 'n maksimum tydperk van 9 ure, wat op enige tydstip tussen die ure 20h00 en 05h00 gegee kan word.

(iv) Alle koste vir die nodige beheerapparaat plus installering moet deur die verbruiker gedra word.

### 3. Klein Kragverbruikers.

Die volgende gelde is betaalbaar per maand deur 'n verbruiker wat nie kwalificeer om teen item 2 of 4 aangeslaan te word nie:

(1) 'n Diensheffing van R16,03 of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus

(2) per eenheid verbruik: 3,1c: Met dien verstande dat daar aan 'n verbruiker in hierdie kategorie elektrisiteit teen die volgende tarief op skriftelike versoek vir 'n tydperk wat nie korter as 12 maande is nie, gelewer kan word:

(a) 'n Diensheffing van R5,57 per maand, of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus

(b) per eenheid verbruik: 15c.

(c) Levering buite spitsure vir klein kragverbruikers:

(i) Per eenheid verbruik: 1,4c.

- (ii) The conditions as stated in item 2(3)(b)(i) to (iv) shall apply.

#### 4. Domestic and Classified Consumers.

The following charges shall be payable, per month, by consumers classified hereunder, and consumers not classified under items 2 and 3:

Domestic consumers, including flats, churches, church halls and hostels, including the relevant outbuildings:

- (1) A service charge of R5,57, whether electricity is consumed or not; plus

(2) per unit consumed: 2,23c: Provided that electricity may be supplied to a consumer in this category at the following tariff on written request for a period not shorter than 12 months:

- (a) A service charge of R3,22, whether electricity is consumed or not; plus  
 (b) per unit consumed: 11,15c.

#### 5. Telephone Booths and Advertising Signs.

For every telephone booth and advertising sign connected to the Council's electricity distribution system with a maximum capacity of 100 Watt an amount of R3,50 per month is payable.

#### 6. Connections.

(1) Where a bulk consumer is connected to a nominal voltage of 11 kV between phases, the maximum demand and units consumed shall be metered on high voltage. The consumer shall provide, install and maintain all switching and transforming apparatus and no connection charges shall be levied.

(2) Where a bulk consumer is connected to a nominal voltage of less than 11 kV between phases, the Council shall provide the high voltage switching and transforming apparatus. The charges payable for the connection shall be calculated by the Council with regard to low voltage costs only and shall amount to the actual costs to the Council of such a connection, plus a 10% surcharge on such costs.

(3) All other connections connected to a nominal voltage of 380 volt between phases and 220 volt between phases and neutral shall be supplied between the Council's supply conductors and the installation on the consumers premises. The charges payable in respect of such a connection shall be calculated by the Council and shall amount to the actual costs to the Council of such a connection, plus a surcharge of 10% on such costs: Provided that the consumer shall make a payment of R80 in advance before the commencement of the work. Should the actual costs exceed R80, the consumer shall pay such difference to the Council, and should the actual costs be less than R80 the Council shall refund the difference to the consumer.

(4) All material and equipment calculated in terms of subitem (3) used for the connection shall remain the property of the Council, and shall be maintained by and at the cost of the Council, excluding the equipment referred to in subitem (1) which shall be supplied and maintained by the consumer.

(5) Over and above the charges payable in terms of subitems (1) up to and including (4) consumers outside the municipality shall be liable for the payment of the

- (ii) Die voorwaardes soos genoem in item 2(3)(b)(i) tot (iv) bly van toepassing.

#### 4. Huishoudelike en Geklassifieerde Verbruikers.

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand, deur verbruikers van die klasse hieronder vermeld en verbruikers wat nie onder items 2 en 3 ressorteer nie:

Huishoudelik, met inbegrip van woonstelle, kerke, kerksale, tehuise, met inbegrip van die býgaande buitegeboue:

- (1) 'n Diensheffing van R5,57 of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus

(2) per eenheid verbruik: 2,23c: Met dien verstande dat daar aan 'n verbruiker in hierdie kategorie elektrisiteit teen die volgende tarief op skriftelike versoek vir 'n tydperk wat nie korter as 12 maande is nie, gelewer kan word:

- (a) 'n Diensheffing van R3,22 of elektrisiteit verbruik word al dan nie; plus

- (b) per eenheid verbruik: 11,15c.

#### 5. Telefoonhokkies en Advertensietekens.

Vir elke telefoonhokkie en advertensieteken wat by die Raad se elektrisiteitsnetwerk aangesluit is met 'n maksimum vermoe van 100 Watt is 'n bedrag van R3,50 per maand betaalbaar.

#### 6. Aansluitings.

(1) Waar 'n grootmaatverbruiker aangesluit word op 'n nominale spanning van 11 kV tussen fases, word die maksimum aanvraag en eenhede verbruik gemeter op hoogspanning. Die verbruiker moet alle skakel- en transformatortoestelle verskaf, installeer en instand hou en geen aansluitingsgelde word gehef nie.

(2) Waar 'n grootmaatverbruiker aangesluit word op 'n nominale spanning van minder as 11 kV tussen fases, verskaf die Raad die hoogspanningskakel- en transformatortoestelle. Die gelde betaalbaar vir aansluiting word deur die Raad slegs ten opsigte van laagspanning bereken en bedra die werklike koste vir die Raad van sodanige aansluiting, plus 'n toeslag van 10% van sodanige koste.

(3) Alle ander aansluitings aangesluit op 'n nominale spanning van 380 volt tussen fases en 220 volt tussen fases en neutraal, word verskaf tussen die Raad se tovoergeleiding en die installasie op die verbruiker se perseel. Die gelde betaalbaar ten opsigte van so 'n aansluiting word deur die Raad bereken en bedra die werklike koste vir die Raad van sodanige aansluiting, plus 'n toeslag gelykstaande met 10% van sodanige koste. Met dien verstande dat die verbruiker 'n vooruitbetaaling van R80 moet maak voordat daar met die werk 'n aanvang geneem word. Indien die werklike koste meer as R80 beloop, betaal die verbruiker sodanige verskil aan die Raad en indien die werklike koste minder as R80 beloop betaal die Raad sodanige verskil aan die verbruiker terug.

(4) Alle materiaal en toerusting wat vir die aansluiting bereken ingevolge subitem (3) gebruik word, bly die eiendom van die Raad, en word deur en op koste van die Raad instand gehou, uitgesonderd die toerusting vermeld in subitem (1) wat deur die verbruiker verskaf en instand gehou word.

(5) Bo en behalwe die gelde betaalbaar ingevolge subitems (1) tot en met (4), is 'n verbruiker buite die

nett costs or *pro rata* share thereof, for the erection of overhead lines and equipment from the nearest point of supply to the point of supply and according to technical requirements as determined by the engineer. For the purposes of this subitem, "*pro rata* portion" means the portion of costs of the line, for which the owner shall be responsible, as determined by the engineer on the basis of installed equipment.

(6) The charges payable under subitem (5) shall be determined by the engineer, and shall be payable in advance in cash or by means of a loan according to the Council's conditions and shall be adjusted after completion of the work in accordance with the actual cost as determined by the treasurer.

### 7. Temporary Connections.

#### (1). Building Contractors.

Charges payable for a connection with a maximum of 3 kW single-phase or 10 kW three-phase:

- (a) An advance payment of R10 for a single-phase and R13 for a three-phase installation; plus
- (b) an advance payment of any additional expense to be incurred by the Council in order to provide a temporary connection; plus
- (c) a deposit of R10 for a single-phase and R32 for a three-phase connection before power is supplied; plus
- (d) a unit charge of 6c per unit consumed.
- (e) The point of supply shall be the terminal or box mounted on the electrical supply pole nearest to the premises.

#### (2) Circus, amusement park and the like.

- (a) An advance payment calculated at  $1\frac{1}{2}$  times the estimated cost of supplying the ground with power; plus
- (b) an advance payment of R4 to cover the use of the metering equipment; plus
- (c) an amount calculated at  $1\frac{1}{2}$  times the power consumption on the basis of  $3\frac{1}{2}$  hours per night at a unit charge of 7c per unit.

### 8. ReconNECTIONS.

(1) For the reconnection of the supply which has been disconnected on account of non-payment, or, for some other reason: R5.

(2) For the reconnection of the supply which has been disconnected on account of non-payment or, for where there has been a change of consumer, even if there was no interruption of the supply: R2.

### 9. Power Failures.

For the investigation of no-light or no-power complaints, where it is found that the failure of the supply is due to a fault in the consumer's installation or to the faulty working of any apparatus used in connection therewith, a charge of R3 shall be payable for each investigation.

### 10. Special Reading of Meter.

(1) Consumer's meters shall be read, as nearly as is reasonably possible, at intervals of one month. Where a

municipaliteit aanspreklik vir die netto koste of *pro rata* gedeelte daarvan van die tovoerlyn of lyne en toerusting vanaf die naaste voorsieningspunt tot by die punt van levering en volgens die tegniese vereistes soos deur die ingenieur bepaal. Vir die toepassing van hierdie subitem, beteken *pro rata* gedeelte dié gedeelte van die lynkoste waaroor die eienaar verantwoordelik is, soos bepaal deur die ingenieur op die basis van geïnstalleerde toerusting.

(6) Die gelde betaalbaar ingevolge subitem (5) word deur die ingenieur beraam, is vooruit betaalbaar in kontant of by wyse van 'n lening op voorwaardes soos deur die Raad bepaal en word na voltooiing van die werk aangesuiwer volgens die werklike koste soos deur die tesourier bepaal.

### 7. Tydelike Aansluitings.

#### (1). Boukontrakteurs.

Gelde betaalbaar vir 'n aansluiting met 'n maksimum van 3 kW enkelfasig of 10 kW driefasig:

- (a) 'n Vooruitbetaling van R10 vir 'n enkelfasige en R13 vir 'n driefasige installasie; plus
- (b) 'n vooruitbetaling van enige bykomende uitgawes wat deur die Raad aangegaan moet word ten einde 'n tydelike aansluiting te kan verskaf; plus
- (c) 'n deposito van R10 vir 'n enkelfasige en R32 vir 'n driefasige aansluiting alvorens krag verskaf word; plus
- (d) 'n eenheidsheffing van 6c per eenheid verbruik.

(e) Die aansluitingspunt is die terminaal of kas wat op die munisipale elektrisiteitsvoorsieningspaal naaste aan die perseel gemonteer is.

#### (2). Sirkus, pretpark en soortgelyke instansies.

- (a) 'n Vooruitbetaling bereken teen  $1\frac{1}{2}$  maal die beraamde koste ten einde die terrein van krag te voorsien; plus
- (b) 'n vooruitbetaling van R4 vir die gebruik van die meteruitrusting; plus
- (c) 'n bedrag bereken teen  $1\frac{1}{2}$  maal die kragverbruik op die basis van  $3\frac{1}{2}$  uur per nag teen 'n eenheidsheffing van 7c per eenheid.

### 8. Heraansluitings.

(1) Vir die heraansluiting van die tovoer wat weens wanbetaling of om 'n ander rede afgesluit is: R5.

(2) Vir die heraansluiting van die tovoer wat op versoek van 'n verbruiker afgesluit is, of by die verandering van bewoner, al was daar geen onderbreking in die tovoer nie: R2.

### 9. Kragonderbrekings.

